WEEK 22 - HERHALINGS VAN BERIGTE/INLIGTING IN 'N VORIGE VRYPOS

SINODENUUS

Visionering

Taakspan: Vrouebediening NGKVS - Toerustingsgeleentheid Februarie 2020:



Hierdie gewilde kamp vind weer tydens die **naweek van 14 - 16 Februarie 2019 by Amanzi naby Brandfort**, plaas. Die **spreker** tydens dié geleentheid is **dr Frederick Marais** wat aan die Communitas Netwerk verbonde is. **Let wel, die besprekings vir hierdie geleentheid het reeds op Dinsdag 23 Julie 2019 geopen en sluit op Maandag 14 Oktober 2019.** Klik **hier** vir die inskrywingsvorm - **NB! Alvorens julle enige gelde inbetaal, moet julle eers vir Marietjie van der Merwe op 076 113 9601 kontak om seker te maak van die beskikbaarheid van akkommodasie.** ***Aangesien die plekke beperk is word 'n beroep op die gemeentes gedoen om só spoedig moontlik te bespreek.*** Die bespreking kan bevestig word met die betaling van 'n 50 % deposito nadat julle eers met Marietjie bevestig het - **die uitstaande bedrag moet teen die einde van Desember 2019 betaal wees** *(regstelling, in die brief staan Desember 2020).*

GEMEENTENUUS

NG Gardeniapark bied aan:

NG Brandfort bied aan:

NG Harrismith vier 170 Jaar!:

Klik **hier** vir meer inligting oor dié feesvieringe:

NG Marquard - Fondsinsameling:

Vir hierdie geleentheid is daar verskeie jagpakette (vir 2020 seisoen) beskikbaar wat gewen kan word, **die gelukkige trekking hiervan vind tydens die basaar in September 2019 plaas** - klik **hier** vir al die besonderhede en kontakbesonderhede.

NG Vrede-Wes: *Hulle benodig inligting van persone wat produkte op 14 September 2019 wil uitstal, kontak die Kerkkantoor op 058 913 1204 (k/u Ma-Vr 08:00-13:00)*

NG Pellissier:

OPLEIDINGSGELEENTHEID

Let op: Die datum van die slypskool het aangeskuif...

PAIDION KINDERBEDIENING CHILDREN'S MINISTRY

INLIGTINGSVORM

Kinderbedieningslypskool

vir Kinderkerkaanbieders, kategete, ouers of enige een wat by 'n Kinder- & Jeugbediening betrokke is

DV Saterdag 14 September 2019

by NG Gemeente Bethlehem-Panorama

Klik **hier** vir meer inligting, asook die inskrywingsvorm. Vir enige navrae, kontak ds Gideon Lamprecht op 082 417 0507, of per e-pos by gideon.lamprecht777@gmail.com

Lentekonferensie - Sentrum vir Voortgesette Bedieningsontwikkeling: Die jaarlikse Lentekonferensie word **vanaf 17 tot 19 September 2019** gehou met die tema, ***Hoe ons onthou, hoe ons vergeet. Om verbeeldingryk te leef.*** Vanjaar word die brosjure, soos verlede jaar, nie per landpos aan predikante gestuur nie, maar slegs elektronies. Besoek asseblief **Excelsus se webblad** - die **brosjure met die program is** by http://bit.ly/lk19brosj **beskikbaar** (gee kans om af te laai). Doen **inskrywings elektronies** by http://bit.ly/lk19insk

Kursus om as spirituele begeleier opgelei te word: Hierdie kursus word in sewe blokke van drie dae, oor ’n tydperk van 15 maande, aangebied. Die klem lê op ervaring en inoefening en dit sal meestal by Stellastraatgemeente van die NG Kerk in Brooklyn, Pretoria en gedeeltelik by Origins Retreatsentrum naby Rustenburg, plaasvind. Dit val onder toesig van die NG Ring van Suidoos-Pretoria en is ook met Excelsus van die NG Kerk gekoppel. Predikante kan 150 x VBO-punte verdien en daar sal sewe aanbieders betrokke wees. Volgende jaar se kursus sal die elfde een wees. **Aansoeke sluit op Maandag 30 September 2019 en die kursus begin op 17 Februarie 2020.** Volledige inligting is **hier** beskikbaar, vir navrae, kontak Willem Nicol op 083 966 7831, of stuur ‘n e-pos aan wnicol@mweb.co.za

Universiteit van Stellenbosch - Fakulteit Teologie: Meestersprogram: Die Fakulteit Teologie aan die Universiteit van Stellenbosch **bied 'n twee-jaar modulêre MTh in Praktiese Teologie (Bedieningspraktyk) aan**. Dié program wil missionale leierskapkapasiteit bou deur leeswerk, teologiese dialoog, deelname aan geestelike dissiplines, eksperimentering met missionale leierskapuitdagings in die gemeente en deurlopende persoonlike refleksie met behulp van ‘n joernaalskrywing. Lees **hier** meer en kontak Divine by dr@sun.ac.za vir enige navrae.